*Dinsdag* **28 Januarie**

**Skrifgedeelte: Psalm 63:1-12**
**Fokusgedeelte: Psalm 63:4, 5**

**Die kosbaarste besitting**

Wanneer ’n mens gestrand en verlate in ’n woestyn vasgekeer is, word dit wat eintlik belangrik is, meer en meer duidelik. Meeste mense se eerste en belangrikste bekommernis sal voedsel wees. Die wil om te oorleef, waarvoor fisiese voedsel vir die liggaam ’n noodsaaklikheid is.

Maar wanneer ons Here Jesus Christus ook honger in die woestyn is, sê Hy duidelik in Matteus 4:4: “’n Mens leef nie net van brood nie, maar van elke woord wat uit die mond van God kom.” Presies hierdie oortuiging en gevoel tref ons dan ook by koning Dawid aan wanneer hy vir Absalom moet vlug en verlate in die Judawoestyn is. Hy verlang daarna om die mag en grootheid van die Heilige God te ondervind. Want vir Dawid is die kosbaarste besitting wat hy moes agterlaat, nie die voedsel en goud in sy paleis nie. Nee, wat hy moes agterlaat, is die voorreg om onverhinderd die Here te kan aanbid en loof in sang en lied.

Tog weet hy dat hierdie kosbaarste besitting nie vir ewig verlore is nie. En daarom kan hy ook hier in die woestyn ervaar en bely dat die troue liefde van die Here uiteindelik vir hom meer werd is sy eie lewe. Hy kan dit bely terwyl hy sy hande ophef en die Naam van die Here prys.

*Sing: Psalm 63-1:1, 2*

*Ds. FR (Franscois) Pretorius (Phalaborwa)*